

3 April

Lukas 19:28-44

(Teks: 19:41)

Jesus huil oor Jerusalem

Die Sondag voor Jesus se kruisiging het Hy sy koninklike intog in Jerusalem gedoen. Dit was 'n vrolike optog. Die feesgangers het hul klere op die pad gegooi. Hulle het palmtakke geswaai. Hulle het gejubel: "Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom!"

Die Nederlandse digter De Merode het 'n pragtige gedig daarvoor geskryf (in Afrikaans vertaal):

Hoe graag sou ek die palms swaai
as U u hoofstad binnery,
die weg met voorjaarsgroen besaai,
my mantel as tapyt wou spreid!
Hoe graag sou ek die kinders hoor,
die meisies, arm aan arm gereid,
die hoë, skelle jongenskoor,
vol eerbied en brutaal jolyt.

Alles so pragtig! Daar lê Jerusalem, skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde (Psalm 48:3). En Jesus? As Hy die stad sien, huil Hy daarvoor! Waarom?

Oor vyf dae sal hierdie selfde stad Hom kruisig. Daarom sal hierdie pragtige stad van God voorlank met die grond gelyk gemaak en sy inwoners uitgewis word.

Dit is dus borgtogtelike trane wat Jesus gestort het. Oor Jerusalem. Maar ook oor Pretoria en Kaapstad en Bloemfontein en alle stede en dorpe en plase en kleinhoewes van ons land en van die hele wêreld en van hulle inwoners.

Trane ook om my en jou ontwil, want dit is om ons sondes dat Hy gekruisig is om ons daarvan te verlos. Deur sy trane het Hy vir ons die blydschap van sy Heilige Gees verwerf. Wandel vandag daarin!

Sing Psalm 48:1

Prof. P.W. Buys (Emeritus)